Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE BANKETSAAL OP DONDERDAG, 31 MEI 2012 OM 11:00

TEENWOORDIG:

wnd Speaker, rdh N J A Rust
Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

RAADSLEDE:

Abrahams, M (DA)
Cleophas, J H (DA)
Cloete, C M (ANC)
Cox-Bruintjies Y S (TPICO)
Fortuin, C (ANC)
Geel, B W (DA)
Humphreys, F S (ANC)
Hunsinger, C H H (DA)
Papers, C H (DA)
Philander, D B (ANC)
Sedeman, A C (DA)
Sneewe, A M (ANC)
Stanley, B J (DA)
Stemele, O M (DA)
Van der Merwe, J I (COPE)
Van der Westhuizen, R F (DA)
Van Zyl, M (DA)
Wilskut, W (DA)
Zatu, N S (ANC)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Bestuurder: Menslike Hulpbronne, me S de Jongh
Komiteebempte, me R J Pretorius

1. **OPENING**

Die voorsitter open die vergadering.

2. **VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Verlof tot afwesigheid word verleen aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche en die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit.

3. **SAKE VIR**

3.1 **FINALE GOEDKEURING VAN : (A) DIE 2012-2017 GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN EN (B) DIE MEERJARIGE KAPITAAL EN BEDRYFSBEGROTINGS VIR 2012/2013, 2013/2014 EN 2014/2015 / (2/1/4/4/1, 5/1/1/1, 5/1/1/2, 5/1/4)**

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen noem dat die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan die Munisipaliteit se hoof strategiese plan is wat handel met die mees kritiese ontwikkelingsbehoeftes van die munisipale gebied en die mees kritiese regeringsbehoeftes van die organisasie.

3.1/...

Hy gaan voort om ‘n voorlegging te doen van die 2012-2017 GOP asook die konsep Kapitaal- en Bedryfsbegrotings vir die 2012/13, 2013/14 en 2014/15 finansiële jare. Verder lê hy klem op die inhoud van Hoofstuk 7 van die GOP wat die uitkomste gebaseerde benadering toelig.

Die 2012-2017 Konsep Geïntegreerde Ontwikleingsplan en die konsep Kapitaal- en Bedryfsbegrotings vir die 2012/13, 2013/14 en 2014/15 finansiële jare, soos oorweeg tydens ‘n Spesiale Raadsvergadering gehou op 29 Maart 2012 en ‘n Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering op 16 Mei 2012, word deur die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen ter tafel gelê. Die aangeleentheid word deur die Speaker tot stemming gebring, en word daar –

EENPARIG BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdh M S I Goliath)

A: 2012-2017 GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN

(a) Dat die 2012-2017 GOP vir Swartland in terme van artikel 25(1) van die Munispale Stelselswet, Wet 32 van 2000 goedgekeur word, onderhewig aan die volgende wysigings en byvoegings soos aanbeveel deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee op 16 Mei 2012 –

- bl 71, dat die aantal GAP behuisingseenhede op Chatsworth gewysig word vanaf 11 na 12;
- bl 77 [onder paragraaf 6.2 – opportunities], dat die toerisme geleenthede ten opsigte van Dasseneiland bygevoeg word, asook die hernubare energie inisiatiewe wat tans vir die Weskus ondersoek en/of beplan word;
- bl 84, dat die LED-proses van die Weskus Distriksmunisipaliteit hier bygevoeg word;

(b) Dat die vereiste statutêre proses wat ingevolge die Stelselswet volvoer moet word na afloop van die aanname van die GOP, nagekom word.

B: GOEDKEURING VAN DIE MEERJARIGE KAPITAAL EN BEDRYFS-BEGROTINGS VIR 2012/13, 2013/2014 EN 2014/2015

(a) Dat die Raad die meerjarige kapitaal- en bedryfsbegroting in beginsel goedkeur, **onderskeidelik ten bedrae van en bronne van finansiering**:

			Histories:		**Tans:**
(1)	**Kapitaalbegroting**	**:**	**2011/2012**	**R 96 348 657**	**R**
	Aansuiwerings Kapitaalbegroting:		**2011/2012**	**R**	**R 99 610 838**
	Kapitaalbegroting	**:**	**2012/2013**	**R**	**R 86 848 463**
	Kapitaalbegroting	**:**	**2013/2014**	**R**	**R 74 563 107**
	Kapitaalbegroting	**:**	**2014/2015**	**R**	**R 48 388 450**
(2)	**Bedryfsbegroting**	**:**			
	Totale Inkomste	**:**	**2011/2012**	**R 371 354 225**	**R**
	Aansuiwerings Inkomstebegroting:		**2011/2012**	**R**	**R 373 478 841**
		:	**2012/2013**	**R**	**R 413 711 316**
		:	**2013/2014**	**R**	**R 439 452 787**
		:	**2014/2015**	**R**	**R 483 004 434**
	Uitgawe	**:**	**2011/2012**	**R 416 987 466**	**R**
	Aansuiwerings Uitgawebegroting:		**2011/2012**	**R**	**R 422 570 311**
		:	**2012/2013**	**R**	**R 439 237 837**
		:	**2013/2014**	**R**	**R 475 845 037**
		:	**2014/2015**	**R**	**R 516 435 660**
	Surplus/Verskil (ontbondeling) i.t.v. GRAP	**:**	**2011/2012**	**R 45 633 241**	**R**
	Aansuiweringsbegroting:		**2011/2012**	**R**	**-R 49 091 471**
		:	**2012/2013**	**R**	**-R 25 526 520**
		:	**2013/2014**	**R**	**-R 36 392 249**
		:	**2014/2015**	**R**	**-R 33 431 227**

3.1/...

(b) Dat daar kennis geneem word van die publieke deelname vergadering wat op 19 April 2012 gehou is en die inhoud van die skrywes wat vanaf die YIV en mnr Le Roux ontvang is, sowel as die kommentaar van die Munisipale Bestuurder (op die skrywes) soos vervat in hierdie verslag en dat die onderskeie aspekte as volg hanteer word:

A: <u>ten aansien van die Areaplanne</u>

1. Dat die kommentaar van rdl Philander ten aansien van die Areaplanne, detail van aard is, en dat die kommentaar weer na die onderskeie wykskomitees terugverwys sal moet word, aangesien enige wysigings deur die onderskeie wykskomitees oorweeg moet word.

B: <u>ten aansien van die begroting</u>

1. <u>Swartland Munisipale Polisiediens</u>

1.1 Dat daar kennis geneem word dat alhoewel veiligheid van inwoners vir die Munisipale RAAD 'n hoë prioriteit geniet, die finansiële impak wat die voortbestaan van die SMPD in sy huidige 24 uur formaat het, 'n bron van kommer is. Die kommer is finansiële volhoubaarheid en dat die Uitvoerende Burgemeester reeds in sy 90 dae begrotingsrede Swartland Munisipaliteit verbind het om die gemeenskap te konsulteer.

1.2 Dat weens voormelde oorweging die Munisipale Bestuurder en die Direkteur: Beskermingsdienste versoek word om in die interim 'n konserwatiewe benadering te volg met die vul van vakatures ten einde nie die Munisipaliteit op die lang termyn te kompromitteer nie.

2. <u>Toename van deernishuishoudings en onbefondste mandate</u>

2.1 Dat daar kennis geneem word dat NT na aanleiding van 'n voorlegging tydens die MinMay-vergadering van 29 November 2011, rakende die finansiële volhoubaarheid van munisipaliteite <u>onderneem</u> het om (1) onbefondste mandate, en (2) die verspreiding van elektrisiteit deur Eskom in munisipale gebiede as 'n saak van dringendheid aan te spreek.

2.2 Dat die Munisipale Bestuurder versoek word om via PT en Plaaslike Regering (Wes-Kaap) te verneem na die vordering in die verband.

3. <u>Werkskepping en groter fokus op "LED"</u>

3.1 Dat daar kennis geneem word van Swartland Munisipaliteit se verbintenisse tot LED en die proses om 'n "special purpose vehicle" daar te stel deur tenders (80/20 basis) in te win.

3.2 Dat daar verder kennis geneem word dat die LED pos vanaf R150 000 na R450 000 verhoog is, om hiervoor voorsiening te maak, welke voorsiening gefinansier word uit die herallokasie van die "onvoorwaardelike toekenning".

3.3 Dat daar kennis geneem word dat Swartland Munisipaliteit reeds lidmaatskap van die Provinsiale EDP opgeneem het en dat rdl C H H Hunsinger genomineer is om op die RAAD te dien.

4. <u>Verkeersirkel</u>

4.1 Dat daar volstaan word met die kommentaar wat die Munisipale Bestuurder gelewer het, soos hierbo vermeld.

5. <u>Openbare toiletgeriewe</u>

3.1/...

5.1 Dat die plasing van toiletgeriewe, die koste van (1) oprigting, (b) bedryf, (c) die volvoering van 'n EIA proses, eers bepaal word alvorens besluit word om met die projek voort te gaan, welke terugvoering aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gerapporteer sal word vir oorweging en/of besluitneming vir toekomstige finansiering.

6. Teer van Volstruislaan

6.1 Dat daar volstaan word met die kommentaar van die Munisipale Bestuurder en dat Volstruislaan se teer met ander kapitaalprojekte kompeteer vir oorweging gedurende die 2013/14 finansiële jaar en daarna.

7. Moniteringstelsel

7.1 Dat daar kennis geneem word dat die aspek reeds vir die 2013/14 boekjaar aangespreek is deurdat R40 000 daarvoor voorsiening voor gemaak is.

8. Moontlike privatisering van die karavaanpark

8.1 Dat daar kennis geneem word dat NT se PPP-eenheid die versoek geregistreer het as M078 en dat Swartland Munisipaliteit op 8 Mei 2012 in kennis gestel is. (Gesprekke met die projek-advisieur, mnr Hlatshwayo sal nou plaasvind om die "terms of reference" op te stel.)

9. Gedifferensieerde belasting

9.1 Dat die status quo vir die eiendomsbelastingtariewe en kortings gehandhaaf word vir die 2012/2013 finansiële jaar soos deur die Raad in beginsel aanvaar op 29 Maart 2012, maar dat die Direkteur Finansiële Dienste getaak word om vir die 2013/2014 finansiële jaar die belastingstruktuur in totaliteit te ondersoek, met spesifieke verwysing na tariefmodulering.

(c) Dat die Raad kennis neem van die tariefverhoging in terme van elektrisiteit van 13,5% soos deur ESKOM voorgeskryf en deur NERSA goedgekeur. Dat die Raad goedkeuring verleen dat die elektrisiteitstarief met 11.03% gemiddeld verhoog word, met die uitsondering van sekere tariewe soos aangeheg;

(d) Dat die kapitaal- en bedryfsbegroting ten aansien van die 2012/13 finansiële jaar ingevolge artikels 16 en 17 van die MFMA goedgekeur word, met inbegrip van –

- belastings;
- tariewe;
- projeksies van kontantvloei (nou deel van Begrotingsformate);
- begrotingsverwante beleidsdokumente:
  - (i) Kredietbeheer – gewysig, sien verslag elders in die sakelys [die volledige beleid is beskikbaar in die kantoor van die Direkteur: Finansiële Dienste of op ons webtuiste by www.swartland.org.za]
  - (ii) Tariefbeleid – sonder wysigings
  - (iii) Eiendomsbelastingsbeleid, ten opsigte waarvan goedkeuring verleen word vir die voorgestelde veranderings om aangebring te word soos aangetoon in die beleidsdokument wat onder aparte omslag gesirkuleer is
- besonderhede ten aansien van beleggings;

(e) Dat daar kennis geneem word dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die begrotingsdokumentasie ten opsigte van die verslagdoening aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;

(f) Dat die Raad kennis neem dat die bedryfsbegroting nie syfers insluit in terme van vaste en werklike kapitaalbydraes nie om die Direkteur: Finansiële Dienste in staat te stel om die tariewe met betrekking tot diensterekeninge te bereken;

3.1/...

(g) Dat, as gevolg van onvoldoende fondse, geen voorsiening gemaak kon word vir die delgingstekort met betrekking tot die oorvleueling van die delging van lenings na eksterne banke en die lewensduur van bates nie;

(h) Dat kennis geneem word van die toenemende styging in personeelkostes van 5%, soos deur Nasionale Tesourie voorgestel in Omsendbrief 58. Dat daar verder kennis geneem word dat daar slegs 5% voorsiening gemaak is vir salarisaanpassings vir die 2012/13 finansiële jaar, vandaar die mandaat van die Uitvoerende Burgemeester (tydens SALGA Wes-Kaap se mandaatvergadering van 10 Mei 2012) dat geen salarisverhogings vir die komende jaar oorweeg behoort te word nie in 'n poging om enige verhogings gelykstaande of onder die inflasiekoers te hou;

(i) Dat daar kennis geneem word dat terugvoering aangaande kollektiewe salarisonderhandelinge afgewag word, en dat enige aanpassings, met inbegrip van aanpassings van die artikel 57 aanstellings, eers later, in afwagting op terugvoering van die onderhandelinge op nasionale vlak, oorweeg sal word;

(j) Dat kennis geneem word dat onbekostigbare tariewe en belastingrekeninge 'n verdere las op slegte skuld (uitstaande debiteure) plaas, wat lei tot 'n negatiewe kontantvloei met die gevolg dat krediteure en salarisse nie betaal sal kan word nie. Die negatiewe impak kan verder tot gevolg hê dat die Raad nie langer in 'n posisie sal wees om sy pligte ten opsigte van dienslewering na te kom nie. Die gemiddelde verhoging op 'n huishouding sal vir 2012/2013 ongeveer 10,29% wees;

(k) Dat, **met groot erns** kennis geneem word van die tekort in die bedryfsbegroting as gevolg van die ontbondeling van bates, en dat inkomste verkry uit die betaling van diensterekeninge nie meer die uitgawes van die Raad dek nie. Die bedryfstekorte vir die komende finansiële jare sal die volgende wees: *(2012/2013 – R 25 526 520; 2013/2014 – R 36 392 249; 2014/2015 – R 33 431 227)*. Die bekommernis met betrekking tot die voorsiening vir waardevermindering is tydens die LGMTEC 2-vergadering op 9 Februarie 2012 bespreek, asook tydens die LGMTEC 3-vergadering op 25 April 2012 bespreek;

(l) Dat enige persoon, ongeag of sodanige persoon 'n pensionaris is al dan nie, sal kwalifiseer vir 'n korting op eiendomsbelasting betaalbaar ten aansien van residensiële eiendom met 'n eiendomswaardasie van tot R200 000,00 (uitgesluit Jakkalsfontein, Grottobaai en landbouers wat reeds 25% afslag ontvang), met dien verstande dat –

(i) sodanige persoon die geregistreerde eienaar is van die betrokke residensiële eiendom en dit self bewoon;
(ii) die persoon ouer as 64 jaar moet wees en vir die volle bedrag van die korting sal kwalifiseer indien hy/sy in die betrokke finansiële jaar van die Raad, naamlik 1 Julie tot 30 Junie die ouderdom van 65 bereik;
(iii) indien 'n persoon reeds in terme van die Raad se besluit (item 8.13 gedateer 24 November 2011 verwys) kwalifiseer vir 'n korting van 'n bedrag gelykstaande aan 40% op eiendomsbelasting, nie vir beide voordele aanspraak sal kan maak nie, maar slegs sal kwalifiseer vir die voordeligste bedrag van hierdie twee scenarios.

(m) Dat die volgende fooi goedgekeur word uit hoofde van artikel 53(2) van die Munisipale Eiendomsbelastingwet, Wet 6 van 2004 (slegs in Engels uitgegee) met betrekking tot 'n versoek van redes vir besluite geneem deur die munisipale waardeerder, met ingang vanaf 1 Julie 2012:

'n Bedrag vanR200,00 plus 14% BTW

(n) Dat daar kennis geneem word van PT se kommentare op die GOP en 90 dae begroting, sowel as die kommentaar van Swartland Munisipaliteit, soos deur PT versoek in hul omsendbrief 21/2012.

3.2 WYSIGING VAN/...

3.2 WYSIGING VAN DIE KREDIETBEHEER- EN SKULDINVORDERINGSBELEID (5/7/1/B)

Die wysigings aan die Eiendomsbelastingsbeleid soos elders in die sakelys voorgelê, het tot gevolg dat die Kredietbeheer- en Skuldinvorderingsbeleid dienooreenomkomstig aangepas moet word om ook die voordeel van die korting op eiendomsbelasting op deernisgevalle van toepassing te maak.

Die wysigings is op 16 Mei 2012 aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê, en word daar as volg –

BESLUIT
(op voorstel van rdl C H H Hunsinger, gesekondeer deur rdl B J Stanley)

Dat Paragraaf 23.1(4) van die Kredietbeheerbeleid soos volg gewysig word:

(4) Die eiendomsbelasting wat betaalbaar is ten opsigte van die betrokke eiendom beperk tot ‘n maksimum bedrag soos volg bereken:

(a) die tarief van tyd tot tyd deur die raad van die Munisipaliteit vasgestel vermenigvuldig met R100 000.00; of

(b) die tarief van tyd tot tyd deur die raad van die Munisipaliteit vasgestel vermenigvuldig met R200 000.00 in die geval waar die geregistreerde eienaar van die huishouding gedurende die loop van die fiansiële jaar die ouderdom van 65 jaar bereik – ‘n gedeelte van ‘n jaar sal geag word te geld vir ‘n volle finansiële jaar.

GETEKEN:
WNDE SPEAKER